NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Kwaliteitsnuusbrief
JAARGANG 7 NO 1

Inhoudsopgawe

1 ONDERSTEUNINGSDEPARTEMENTE – 'N BEDRYWIGE JAAR

2 DIE RAAD OP HOËR ONDERWYS SE KWALITEITVERBETERINGSPROJEK

3 KWALITEITSVERSEKERING VAN AKADEMIESE PROGRAMME VIR 204

Beste leser, Hierdie nuusbrief bied 'n vlugtige perspektief op die gehalteverskering van akademiese programme en ondersteuningsdepartemente by die NWU. Hiermee word gepoog om elkeen se verantwoordelikheid binne die konteks van akademiese en/of ondersteuningsdienste te beklemtoon. Stuur asseblief enige navrae en kommentaar aan Tommy Pietersen (tommy.pietersen@nwu.ac.za)

ONDERSTEUNINGSDEPARTEMENTE – 'N BEDRYWIGE JAAR LÊ VOOR VIR DIE INSTITUSIONELE KWALITEITSKANTOOR

Die tweede siklus van kwaliteitsversekering vir ondersteuningsdepartemente van die NWU het nou amptelik begin. Hoewel meeste departemente reeds 'n kwaliteitshandleiding het of hul bestaande handleidings reeds opdateer het, word daar beoog om hierdie jaar nog 28 handleidings te lewer. Die Institusionele Kwaliteitskantoor mik daarna om teen middel-2015 'n kwaliteitshandleiding vir elke ondersteuningsdepartement ('n totaal van 76) by die NWU te hê.

Twaalf selfevaluerings word vir 2014 beoog, en die volgende departemente kry oorsigtelike evalueringsbesoeke:

Institusionele Kantoor:
- Rekordbetuur en -Administrasie
- Bestuursinligtingstelsels
- Argief en Museums
- Institusionele Korporatiewe Bestuurs- en Sekretariaatdienste

Vaaldriehoekkampus:
- Beskermingsdienste
- Studentesake

Mafikengkampus:
- Beskermingsdienste

Vanjaar vind daar van 8 tot 12 September 'n gesamentlike eweknie-evaluering vir Mensekapitaal (Institusionele Kantoor en op die drie kampusse), plaas. Die jaarlikse INDABA-gespreksforum word ook vir 23 Oktober beplan. Verskeie verbeteringsplanne en vorderingsverslae sal ook hierdie jaar ingedien word. Inderdaad 'n bedrywige jaar vir die kwaliteitsversekering van NWU-ondersteuningsdepartemente!

Hieronder volg 'n opsomming van die aktiwiteite wat hierdie jaar in die ondersteuningsdienste-portefeulje beplan word:

Gespreksforum	1
Opvolgbesoek	1
Verbeteringsplanne	6
INDABA	1
Eweknie-evaluerings	1 (gesamentlik)
Vorderingsverslae	8
Kwaliteitshandleidings	28
Selfevaluerings	12
Oorsigtelike evaluerings	7

DIE RAAD OP HOËR ONDERWYS SE **KWALITEITVERBETERINGSPROJEK** – **'N STRATEGIESE GELEENTHEID VIR DIE NWU OM** STUDENTESUKSES TE BEVORDER

Wat is die Kwaliteitverbeteringsprojek?

Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se permanente subkomitee, die Hoër Onderwys Kwaliteitskomitee, is verantwoordelik vir kwaliteitsversekering in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor.

Die RHO het vanaf 2005 tot 2011 die eerste siklus institusionele oudits uitgevoer en het intussen begin voorberei vir die tweede kwaliteitversekeringsiklus wat vanaf 2014 tot 2018 sal plaasvind. Die groot verskil tussen die eerste en tweede siklus institusionele evaluerings is dat die RHO tydens die tweede siklus op die wyses waarop hoëronderwysinstellings kwaliteit kan verbeter, sal fokus. Die RHO verwys dus na die institusionele evalueringsproses wat tydens die tweede kwaliteitversekeringsiklus plaasvind, as die Kwaliteitverbeteringsprojek (KVP).

Die KVP, wat amptelik op 27 February 2014 begin is, sal uit twee fases bestaan wat elk ongeveer twee-en-'n-half jaar sal duur. Die doelwitte van die KVP is:

- Om die gehalte van voorgraadse onderwysvoorsiening te verbeter;
- Om die getal gegradueerdes van hoogstaande gehalte te verhoog;
- Om 'n hoëronderwysstelsel te ontwikkel wat aanhoudend verbeter wanneer lede van die hoëronderwysgemeenskap saam werk om goeie praktyke te deel en gedeelde probleme op te los.

Uit hierdie doelwitte is dit duidelik dat die KVP op verskeie betekenisvolle maniere van die eerste siklus institusionele oudits verskil.

Eerstens het die eerste rondte oudits 'n wye bestek wat die institusionele missie en strategiese beplanningsproses, sowel as reëlings vir gehalteversekering in alle kernaktiwiteite van onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsverbintenis, ingesluit het. Die KVP, daarenteen, fokus meer spesifiek op studente se sukses op voorgraadse vlak. Die rede hiervoor is dat studentesukses waarskynlik die belangrikste probleem is wat die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor tans moet oplos. Studentesukses verwys nie net na die student se vermoë om sy/haar studies suksesvol te voltooi nie; dit verwys ook na die mate waartoe hulle gereed is om 'n optimale bydrae tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te lewer.

Dit is welbekend - en in die Nasionale Ontwikkelingsplan (2012) erken - dat ons hoëronderwysstelsel gekenmerk word deur lae deelnamekoerse, 'n hoë uitvalkoers en lae graadverwerwingsyfers, sowel as 'n tekort aan kapasiteit om belangrike vaardigheidstekorte in die ekonomie die hoof te bied.

Soos aangedui in die onlangse RHO-verslag oor die hervorming van voorgraadse kurrikulums, het kohortstudies vir die 2006-inname gewys dat 45% van alle kontakstudente wat vir driejaar-voorgraadse diplomas, en drie- en vierjaar-voorgraadse graadkursusse inskryf, nooit hulle studies sal voltooi nie.

Die prentjie is selfs donkerder wanneer Unisa se syfers bygereken word. Ander kohortstudies bevestig dat daar dringende aandag geskenk moet word aan die redes vir die hoë uitvalkoers in ons hoëronderwysstelsel.

Die KVP bied dus 'n ideale geleentheid vir die hoëronderwyssektor om die probleem op 'n gefokusde en sistematiese wyse aan te pak. Soos prof Vincent Tinto, internasionale onderrig-leer-deskundige en raadgewer van die RHO, tereg opmerk:

"Studentesukses vind nie toevallig plaas nie. 'n Beduidende verbetering in institusionele retensie- en graadverwerwingsyfers ook nie. Dit is die gevolg van doelbewuste, gestruktureerde en proaktiewe aktiwiteite en beleide wat gerig is op sukses vir alle studente."

In die gees van prof Tinto se opmerkings definieer die RHO verbetering as doelbewuste stappe deur 'n instelling om sy studente se leerervaring te verbeter. 'n Tweede verskil tussen die KVP en die eerste institusionele ouditsiklus is dat dit beter geleenthede binne die sektor skep vir samewerking en die uitruil van idees ten einde die leerervaring vir studente te verbeter. Hoewel die NWU dus vir elke fase van die KVP 'n institusionele voorlegging sal moet voorberei, sal dit ons die geleentheid bied om aan verskeie nasionale en streekswerkswinkels saam met die res van die hoëronderwyssektor deel te neem om studentesukses te bespreek en bestepraktyk-riglyne te help ontwikkel.

Na afloop van die KVP sal die RHO 'n uitgebreide verslag oor studentesukses saamstel wat kritiese sake aanraak wat elke Suid-Afrikaanse universiteit in aanmerking moet neem ten einde hul studente 'n optimale leerervaring te bied wat hulle op 'n professionele loopbaan en hul rol as aktiewe burgers voorberei.

Hoe word die NWU deur die Kwaliteitverbeteringsprojek bevoordeel?

Ons is tans besig om die NWU se onderrig- en leerstrategie te finaliseer. Die strategie identifiseer vier strategiese drywers wat instrumenteel sal wees in die verwesenliking van ons visie van 'n toonaangewende Suid-Afrikaanse verskaffer van buigsame, dubbelmodus-onderwys, bekend vir ons innoverende benadering tot onderrig en leer en die uitstekende leerervaring wat ons aan ons studente bied. Hierdie vier drywers is:

- Hoëgehalte-onderrig en -leer wat tot 'n groot mate afhang van die ontwikkeling en versterking van akademiese personeel se kundigheid wat onderrig en leer betref;
- Studentetoegang en –sukses;
- Transformasie en vernuwing van die kurrikulum; en
- 'n Instaatstellende bemagtigende en ondersteunende leeromgewing.

Soos uit die tema van elke fokusarea afgelei kan word, korreleer die vier fokusareas van die KVP se eerste fase met die strategiese drywers in ons konsepstrategie vir onderrig en leer:

- Fokusarea 1: Verbetering van akademici as dosente
- Fokusarea 2: Verbetering van ondersteuning en ontwikkeling vir studente
- Fokusarea 3: Verbetering van die leeromgewing
- Fokusarea 4: Verbetering van die bestuur van program- en kursusinskrywings.

Dus gee ons voorbereiding vir die KVP ons ruim geleentheid om te vorder met ons onderrig- en leerstrategie deur huidige prestasies uit te lig en kwessies wat verdere aandag vereis, te identifiseer. Sodoende kan ons met vertroue sê dat ons op al ons kampusse en in al ons afleweringsmodusse 'n omgewing daarstel waarin ons studente 'n uitstekende leerervaring kan geniet. Ons werk aan die KVP maak dus 'n integrale deel uit van die implementering van ons onderrig- en leerstrategie.

Hoe gaan die KVP aan die NWU bestuur word?

Ons moet tydens die eerste fase van die KVP (vanaf 2014 tot middel-2016), 'n institusionele voorlegging van 30 bladsye na aanleiding van die KVP se vier fokusareas, voorberei en teen einde-Augustus gereed hê. Daarna sal die RHO die res van 2014 daaraan wy om al die institusionele voorleggings te analiseer, en die instellings na verskeie werkswinkels uit te nooi wat gedurende die eerste helfte van 2015 sal plaasvind. Daar sal dan van die NWU verwag word om teen die einde van 2015 'n institusionele verslag in te dien wat aandui wat ons beplan om vordering in al vier fokusareas te bewerkstellig.

Tydens 2016 sal die RHO vir die NWU 'n institusionele profiel ontwikkel wat gebaseer is op ons institusionele voorlegging en verslag, sowel as ander tersaaklike inligting en dokumente. Die RHO sal dan met die NWU in gesprek tree oor ons profiel en areas wat as sterkpunte geïdentifiseer is, asook areas waarop verbeter kan word.

Die tweede fase van die KVP, vanaf middel-2016 tot einde-2018, sal op soortgelyke wyse ontvou. Ter wille van die NWU se bestuur van die KVP, is vier taakspanne aangestel wat elk aanspreeklikheid vir een van die vier fokusareas sal aanvaar. Die eerste beplanningswerkswinkel vir alle taakspanlede het op 10 April plaasgevind. Gereelde KVP-vorderingsverslae sal aan die Institusionele Komitee vir Onderrig-Leer sowel as die Senaat voorgelê word.

Dr Jannie Jacobsz (jannie.jacobsz@nwu.ac.za) kan gekontak word vir verdere inligting oor die KVP, sowel as oor alle verwante RHO-dokumentasie. Ek vertrou dat ons werk aan die KVP ons 'n waardevolle geleentheid sal bied om op 'n sistematiese wyse te besin oor hoe ons suksesvolle studente kan kweek; nie slegs met betrekking tot hul studies aan die NWU nie, maar ook as gegradueerdes wat 'n verskil in Suid-Afrika en in die wêreld kan maak.

Prof Martin Oosthuizen
Adjunk-Visekanselier: Onderrig-Leer

Prof Martin Oosthuizen (Voorsitter; Adjunk-Visekanselier: Onderrig-Leer)

Dr Jannie Jacobsz (Projekkoördineerder – Direkteur: Institusionele Kwaliteitskantoor)

Prof Luvuyo Lumkile Lalendle (Viserektor: Onderrig-Leer en Kwaliteitsversekering, Mafikengkampus)

Prof Mariëtte Lowes (Sameroeper: Fokusarea 1; Viserektor: Onderrig-Leer, Potchefstroomkampus)

Dr Muki Moeng, Direkteur: Onderrig-leer. Sal oorneem by prof Mariëtte Lowes

Prof Rantoa Letšosa (Sameroeper: Fokusarea 2; Viserektor: Onderrig-Leer, Aangewese: Potchefstroomkampus)

Prof Linda du Plessis (Sameroeper: Fokusarea 3; Viserektor: Akademiese Kwaliteit en Beplanning, Vaaldriehoekkampus)

Prof Marlene Verhoef (Sameroeper: Fokusarea 4; Institusionele Registrateur)

Mnr Janco Jordaan (President: Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad)

Kwaliteitsversekering **van akademiese programme** vir 2014

Gedurende 2013 het die Institusionele Kwaliteitskantoor met die kampusse onderhandel oor die skedulering van alle akademiese programme wat deel vorm van die Hoëronderwys-kwalifikasiesubraamwerk (HOKSR) se kategorie-A kwalifikasies.

Hierdie programme het min (indien enige) veranderinge ondergaan om deel te kan uitmaak van die nuwe Program- en kwalifikasiemengsel (PKM) van die NWU.

Die skedulering van hierdie programme sal gedurende 2014-2020 gebeur, waartydens die verskillende kwalifikasies in groepverband aan interne en eksterne programevaluerings onderwerp sal word.

Hierdie proses sal ook belynde interne en eksterne programevaluerings insluit.

Belynde eksterne programevaluerings

Die eerste belynde eksterne programevaluering vir BEdHons Spesiale Onderrig: Leerderondersteuning vind tydens 2014 oor al drie kampusse plaas.

Belynde interne programevaluerings

Twee belynde interne programevaluerings sal hierdie jaar in BSc (IT) en BEdHons Kurrikulumstudies plaasvind waarby twee kampusse betrokke sal wees.

Interne programevaluerings (nie belyn)

Daar sal in 2014 ongeveer nege interne programevaluerings oor die drie kampusse heen plaasvind.

Eksterne programevaluerings (nie belyn)

Op die Mafikengkampus sal daar vier eksterne programevaluerings plaasvind, en op die Potchefstroomkampus een.

Verskeie statutêre en nie-statutêre liggame sal ook die NWU gedurende 2014 besoek.